# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: Graad 1 KWARTAAL 3

## Hersiene Nasionale Onderrigplan

**RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE AANGEPASTE KURRIKULUM VIR TALE IN DIE GRONDSLAGFASE:**

**Let asseblief op die volgende:**

1. **Die KABV dokument vir kwartale 1-4 (2021) is in een dokument saamgevoeg.**
2. **Die kurrikulum is aangepas om die kernkonsepte en vaardighede aan te spreek.**
3. **Die eerste paar weke moet gebruik word om klanke aan te leer / vaardighede wat nie die vorige jaar aangespreek is nie.**
4. **Leerders sal op verskillende vlakke wees. Alle skole sal nie dieselfde wees nie. As 'n skool dit nie nodig vind nie, moet hulle KABV volg vanaf die eerste kwartaalinhoud.**
5. **Die onderwerp /temas en woordeskat vir FAL is slegs voorstelle en is nie verpligtend nie. Onderwysers moet temas gebruik wat van toepassing is op die skoolkonteks. Kies u woordeskat volgens u tema.**
6. **Wanneer groepwerk gedoen word, moet sosiale afstand in ag geneem word.**

**Skoolgebaseerde Assessering**

1. **Assessering vind plaas op 'n deurlopende basis in die Grondslagfase.**
2. **Let op die verskil van Assessering VIR leer en Assessering VAN leer.**
3. **'n Groter fokus moet op formatiewe assessering wees.**
4. **Laat u lei deur die SBA-riglyne. (Rubrieke en kontrolelyste word in hierdie gids gevind). Die Rubrieke is ook slegs voorstelle.**
5. **Assessering kan slegs plaasvind wanneer inhoud reeds behandel is. Assessering moet daarvolgens aangepas word.**

**Hierdie is uitsonderlike tye. Ons wil u graag bedank vir die feit dat u, u uiterste bes probeer om ons leerders voor te berei.**

# 2021 Hersiene Nasionale Onderrigplan – Kwartaal 3 : AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: Graad 1

| Kwartaal 2<br>52 dae | Week 1 | Week 2 | Week 3 | Week 4 | Week 5 | Week 6 | Week 7 | Week 8 | Week 9 | Week 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Voorgestelde tema** | In en om die dorp | In en om die dorp | Werk saam | Werk saam | Klere | Klere | Lees is lekker | Lees is lekker | Hou my lyfie gesond en veilig | Hou my lyfie gesond en veilig |
| **KABV KOMPONENT** | **LUISTER EN PRAAT**<br>● **Begin deur te groet**<br>● **Liedjie/rympie**<br>● **Vra ‘n oop vraag (‘n vraag met geen verkeerde antwoord nie)**<br>● **Tema woordeskat van die dag**<br>● **Sigwoorde** | | | | | | | | | |
| **Kernkonsepte, vaardighede en waardes** | -**Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>-Ook te vra: “**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Antw: “**Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>**Bespreek en oefen wyses om te groet tydens Covid-tyd**<br>*Raak met elmboë aan mekaar<br>*Waai en glimlag<br>*Raak met voete aan mekaar<br>* Wys met duimpie na bo (sharp)<br>*Knip met een ogie<br><br>Oefen voorstelle van leerders ook | -**Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>-Ook vriend te komplimenteer: “**Jy lyk mooi/gelukkig/hart seer/vandag”**<br><br>(Ook goeie maniere om mense te groet waarmee jy nie vriende is nie)<br><br>**Doen ‘n wyse om te groet tydens Covid-tyd** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br><br>-Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br><br>**Doen ‘n wyse om te groet tydens Covid-tyd** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br>Ook te vra: “**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Antw: “**Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>-Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br><br>-Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br><br>**Doen ‘n wyse om te groet tydens Covid-tyd** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br>Ook te vra: “**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Antw: “**Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>-Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br>**“Mooi loop”**<br><br>-Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br>**“Mooi loop juffrou”**<br><br>**Doen ‘n wyse om te groet tydens Covid-tyd** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>-Vra maat:<br>**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Maat moet antw:<br>**Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>Ruil rolle om<br><br>Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br>**“Mooi loop”**<br><br>Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br>**“Mooi loop juffrou”**<br><br>**Covid-groet wyse** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>Ook vriend te komplimenteer: “**Jy lyk mooi/gelukkig/hart seer/vandag”**<br><br>-Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br>**“Stuur groete”**<br><br>-Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br>**“Dankie juffrou ek sal”**<br><br>**Covid-groet wyse** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>Vra maat:<br>**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Maat moet antw:<br>**Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>Ruil rolle om<br><br>Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br>**“Stuur groete”**<br><br>-Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br>**“Dankie juffrou ek sal”**<br><br>**Covid-groet wyse** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>-Vra maat:<br>**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Maat moet antw: **Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>Ruil rolle om<br><br>Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br>**“Mooi loop”**<br><br>Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br>**“Mooi loop juffrou”**<br><br>**Covid-groet wyse** | **Groet** die leerders in Afrikaans **“Goeie more klas”**<br><br>-Leerders groet terug “**Goeie more Juffrou”**<br><br>-Groet maat langs hom. “**Goeie more Jayden”**<br><br>-Vra maat:<br>**Hoe gaan dit met jou?”**<br><br>-Maat moet antw: **Met my gaan dit goed/sleg”**<br><br>Ruil rolle om<br><br>Juf groet wanneer huis toe gaan: “**Totsiens Klas ”**<br>**“Mooi loop”**<br>**“Stuur groete tuis”**<br><br>Leerders groet juffrou: “**Totsiens juffrou”**<br>**“Dankie juffrou ek sal”**<br><br>**Covid-groet wyse** |

**Liedjie/Rympie**

### Liedjie:

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Die wiele van die bus gaan *om en om (3x)* Die wiele van die bus gaan om en om al deur die stad. | Rol met arms voor bors |
| Die deur van die bus *gaan oop en toe (3X)* Die deur van die bus gaan oop en toe al deur die stad | Swaai arm van buite na binne en klap voor lyf |
| Die mense klim *in die bus(3x)* die mense klim in die bus, al deur die stad | Tree vorente van laag na hoog |
| Ons almal *gaan winkels toe, (3x)* Ons almal gaan winkels toe in die grote stad. | Wys ritmies na plekke |
| (gebaseer op: The wheels of the bus) | |

### Liedjie:

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Groen lig, groen lig wat sê jy? Groen lig sê jy mag maar ry | Hande in die sye Wys soos verkeers man om te ry |
| Geel lig geel lig Wat sê jy? Geel lig sê jy moet stadiger ry | Hande in die sye Wys soos verkeers man met een wys vinger |
| Rooi lig Rooi lig wat sê jy? Rooi lig sê STOP STOP vir my | Hande in die sye Wys soos verkeers man met beide hande om te stop |
| (gebaseer op Groen lig, Geel lig, Rooi lig van Marthie Nel Hauptfleisch- youtube) | |

)

### Rympie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Juffrou sê ons moet 'n maatjie hê | Rol met arms bo-oor mekaar voor die bors |
| want om saam te werk maak ons sterk | Swaai met arms bymekaar heen en weer voor gesig soos ruitveers |
| ons sal ook baie vinniger werk by die skool en by die kerk. | Klap hande voor bors soos wanneer simbale geslaan word (2x) |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Ons moet af stof (2x) | Afstof bewegings bo dan onder |
| vee en mop (2x) | vee bewegings links dan regs |
| Gou is al die werkies (2x) | Tik op arm waar horlosie gewoonlik is |
| alles op (2x) | Alles -maak ogies toe met handjies op-vat handjies weg van ogies af. |
| (gebaseer op; Vader Jakob) | |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Hoedjie serpie, *hemp en broek (3x)* | Wys bo kop en wys om nek Pluk aan eie hemp en trek aan broek |
| Hoedjie, serpie, *hemp en broek* | Wys bo kop en om nek Pluk aan eie hemp en trek aan broek |
| Ons almal dra warm klere. | Wys na almal en slaan eie arms om sy eie lyfie en gee self 'n drukkie |
| (gebaseer op Kop en skouers, knieë en tone) | |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Ons koop ons koop so deur die stad | Twee leerders maak 'n dakkie en ander stan in 'n ry en stap onder deur die dakkie Met laaste reel gaan arms van die dakkie af en vang die leerder onder die dakkie vas en vra die leerder watter klere het hy gekoop. |
| my pa en ma en ekke stap | |
| Ons sakke Is vol En ons harte is bly | |
| want ons het mooi klere gekry | |
| (gebaseer op Koljander, Koljander so deur die bos) | |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Jan Pieriewiet (3x) lees boek | Wys lees boek |
| want as jy hom soek | Wys met bak hand bo oë en soek |
| sit in hy in die hoek | Wys na 'n hoek in die klas |
| ons mag hom nie pla | Maak nee met wysvinger |
| en ons mag nie vrae vra | |
| (gebaseer op) Jan Pieriewiet) | |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Koerante en tydskrifte | Klap hande op elke woord |
| kan ek lees | wys lees aksie |
| Want ek wil | Wys na self |
| graag slim wees | wys na kop |
| kyk al die woorde | Wys bewegende vingers |
| Groot en klein | Wys met twee vingers klein en groot |
| dis moielik om te lees | maak groot ogies |
| maar ek wil slim wees | Wys fermer na kop |
| (gebaseer op Incy Wincy Spider) | |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Wielie Wielie Walie | Rol met arms bo-oor mekaar voor die bors |
| Die apiery op sy balie | Swaai met arms bymekaar heen en weer voor gesig soos ruitveers |
| Tjoef tjaf daar val hy af | Klap hande voor bors soos wanneer simbale geslaan word (2x) |
| Wielie Wielie Walie | Rol met arms bo-oor mekaar voor die bors |
| (gebaseer op Wielie Wielie Walie) | |

### Liedjie

| Lirieke | Aksies |
|---|---|
| Hierdie is my lyfie klein | Begin met hande-klap dan op knieë, beurtelings op die lettergrepe van die woorde |
| en daarom pas ek hom mooi op | Wys hartjie met handh=jies voor bors |
| Niemand mag tog aan hom raak | Wys nee met vinger |
| Want Liewe Jesus het hom gemaak | Wys bo in die lug |
| Ja ek is kosbaar (3x) | Hak in by maatjie en dans in die rondte, na elke sin ruil en dans ander kant om |
| Want Jesus het my gemaak. | Staan stil en wys na bo |
| (gebaseer op : Jesus loves me) | |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vraag van die dag** | Wat is die belangrikste plek in julle stad?<br><br>-Hoe kom jy in die stad?<br><br>-Watter plek is die belangrikste/onbelangrikste in die stad? | Waar voel jy veilig?<br><br>Wat is veilig/onveilig in en om die huis?<br><br>Wat is veilig/onveilig in die stad? | Wie hou daarvan om in 'n groep te werk?<br><br>Wie sal jy vra om jou te help? | Het jy 'n spesiale takie by die huis?<br><br>Watter werk is lekker/nie lekker nie | Wat is jou gunsteling kleur?<br><br>Van watter klere hou jy? | Wie koop jou klere?<br><br>Saam met wie koop jy klere?<br><br>Waar koop julle klere?<br><br>Watter klere hou jy van om te koop? | Hou jy van lees?<br><br>Saam met wie lees jy?<br><br>Het jy 'n gunsteling boek? | Wat kan jy lees?<br><br>Waar kan jy lees? | Het jy al fiets gery?<br><br>Het jy al geval?<br><br>Het jy seer gekry? | Was jy al bang vir iemand?<br><br>Dink jy, jy het 'n gesonde lyfie? |
| **Voorgestelde woordeskat (leer 4 woorde 'n dag)** | vervoer, stad, taxi, kar, bus, fiets, verkeer, ry, straat, winkels, verkeerslig, stopstraat, verkeerstekens, veilig, polisie, metropolisie, pendelaar, busstop, taxi staanplek, passasier, betaal, bestuurder, lisensie, nommerplaat, tyd, vensters, koop, verkoop, plekke, kliniek, boete, vinnig, haastig, spoedgrens | veilig, onveilig, bang, gevaarlik, alleen, donker, bekommer, saam, plekke, vreemdelinge, skelms, telefoon nommer, adres, | vra, saam, help, vriendelik, geduld, span, werk, beter, beste, spanwerk, klas, klasmaats, reuse, trek, stoot, vinnig, taak, hande, beurte, wag, sterk, slim, groot,klein, sukkel, moeilik,maklik, goed, idees, verkeerd, reg, probleem, asseblief, dankie | plig, taak, skrop, vee, afstof, suig, was, regmaak, stukkend, versamel, bymekaar, ry, lys, vuil, vuiler, vuilste, deurmekaar, skoon, skoner, skoonste, opruim, fluks, lui, een, paar, lank, kort, maklik, moeilik, swaar, lig, bo, onder, binne, buite, langs, mooi,hoog, laag | rooi, geel, blou, groen, oranje, bruin, swart, wit, pers, pienk, hard, sag, hemp, broek, bloes, rok, romp, trui, baadjie, sak, dra, aantrek, uit trek, mou, kous, skoen, sandaal, tekkie, knope, rits, kraag, veter, sool, stewel, hoed, pet, gordel, kort, lank, dik, mooi, warm, koud,dun,wol, katoen, nat, droog, uniform | koop, betaal, prys, kwitansie,sak, opgewonde, bly, voel, sien, geld, baie, min, note, munte, kaart, beursie, winkel, naam, hou van, hou nie van, groot, klein, kassier, winskopie, venster, advertensie, aanpas, gordyn, | pa, ma, vriend, ouma, oupa, tannie, oom, boetie, sussie, lees, boek, prente, buite, binne, voorblad, blaaie, papier, prente, hard, sag, groot, klein, naam, skrywer, wonder, lekker, geniet, blaai, wys, raai, begin, middel, einde, dik, dun, baie, min, meeste, minste, rak, boekrak, biblioteek, uitneem, bêre, voel, rustig, besig,rus, | koerant, boek, tydskrif, Bybel, telefoon, toep (app), data, aflaai, grappies, brief, advertensie, naamkaarte, name, winkels, kos, kamer, bed, bank, stoel, mat, biblioteek, kar, moeilik, maklik, kyk, sag, hard, letters, woorde, prente, foto's, sport, storie, skryf, toe, oop, baie, min, stadig, vinnig, nuwe, oud, oppas, soek | lyfie, liggaam, fiets, trap, ry, rem, skopfiets, wiele, veilig, beskerm, sit,val, ongeluk, seer, bloed, breek, kraak, been, knie, was, seep, kop, dra, valhelm, handvatsels, remme, klokie, lig, speke, sitplek, oefening, moeg, stadig, vinnig, maklik, moeilik, balans, gesond, siek, slaap, moeg, wakker, brein, skoon, ruik, voel, sweet, op, af, pleister, gips, dokter, apteek, | vreemdeling, bang, moenie, mag nie, skelm, veilig, voel, ongemaklik, drukkie, vermy, skree, groet, praat, vertel, nee, ja, geheim, sê, wys, voel, ongemaklik, verkeerd, reg, eet, drink, water, sap, groente, vrugte, rus, slaap, siek, gesond, medisyne, baie, min, gif, was, spoel, |
| **Sigwoorde** | ry, taxi, bus, stad, oral | veilig , onveilig, saam, alleen, | help, hier, asseblief, beurt | hulle, werk, trek, stoot, lui, fluks | aan, uit, rok, hemp, broek,kleur | koop, klere, betaal | lees, boek, wil, blaai | kyk, oop, toe, binne, buite | fiets, sit, op, af, trap | vertel, voel, eet, rus, nee, ja |
| **Kurrikulum dekking** | ● Begin mondelinge woordeskat (luister en praat) ontwikkel deur die tema van die week<br>● Reageer op eenvoudige groetvorme deur frases te gebruik, bv: Goeie more. Hoe gaan dit? Dit gaan goed met my.<br>● Maak eenvoudige versoeke:<br>● Wys na voorwerpe in die klaskamer of op prente, in opdrag van die onderwyser se instruksies | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ● Benoem sommige voorwerpe in die klaskamer na aanleiding van die onderwyser se vrae.<br>● Reageer fisies op eenvoudige, mondelinge instruksies.<br>● Reageer op eenvoudige vrae van die onderwyser.<br>● Begin eenvoudige taalstrukture in konteks verstaan, soos die gebruik van die teenwoordige tyd.<br>● Identifiseer 'n persoon, dier of objek van 'n eenvoudige mondelinge beskrywing.<br>● Sing eenvoudige liedjies en voer die aksies uit, bv raak met elmboog aan maat se elmboog twee keer<br>● Speel taalspeletjies, bv Raaisels ( wat is groen, bly in grond, drink water, eet nie, maar het 'n vrug om te gee) | | | | | | | | | |
| **Datum voltooi** | | | | | | | | | | |
| **KABV TEMA** | **LEES**<br>In Graad 1 doen ons slegs gedeelde lees<br>Laat die leerders voorspellings maak (pre-lees) om te visualiseer, gevolgtrekkings te maak (of akuuraat te raai), en konneksies en afleidings te maak. | | | | | | | | | |
| **Kernkonsepte, vaardighede en waardes** | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) | Gedeelde lees<br><br>-Maandag<br>Pre-lees aktiwiteit<br><br>-Dinsdag<br>Eerste lees<br><br>-Woensdag<br>Teken die storie<br><br>-Donderdag<br>Tweede lees<br><br>-Vrydag<br>Post-lees aktiwiteit (leerders gee terugvoer oor storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie) |
| **Kurrikulum dekking** | **Ontluikende Geletterdheid**<br>● Herken algemene woorde uit die alledaagse omgewing<br>● Ontwikkel ontluikende lees, bv die konsep van die teks deur die gedeelde leesaktitwiteit<br><br>**Gedeelde lees**<br>● Luister na, volg die storie of nie-fiksie-teks en kyk saam met die onderwyser na die prente | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ● Praat oor die prente en gebruik die huistaal indien dit nodig is.<br>● Identifiseer persone, diere en objekte in die storie.<br>● Beantwoord eenvoudige vrae met behulp van prente.<br>● Na herhaalde lees, neem op gepaste tye aan refreine deel<br>● Dramatiseer die storie deur gedeeltes van die teks as dialoog te gebruik<br>● Teken ‘n prent wat die hoofgedagte van die storie weergee. | | | | | | | | | |
| Datum voltooi | | | | | | | | | | |
| **KABV TEMA** | **KLANKE** | | | | | | | | | |
| **Kernkonsepte, vaardighede en waardes** | Doen hersiening van die klanke , vir die volgende twee dae, wat geleer is in Kwartaal 2<br><br>**j**<br>*jaag, jas, jy, julle, jag, jonk, Jan, jok, ja, jakkals, juffrou*<br><br>STEL DIE /j / RYMPIE BEKEND<br><br>/j/j/ **J**an **j**aag vining verby.<br>/j/ “**J**y gaan ‘n boete kry”<br>/j/ **J**ulle mag nie so ry”<br>/j/j/ Skree die **j**ong **J**orné. | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**i**<br>*in, is, ink, iglo*<br><br>*lig, sit, dit, vir, vis, rits, bid*<br><br>STEL DIE /i / RYMPIE BEKEND<br><br>/i/ **I**n die hoekie<br>/i/ **i**s dit donker<br>/i/ **I**s dit veilig?<br>bring die lig<br>ek kan nie sien nie. | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**m**<br>*maan. Maat, man,mooi, met, ma*<br><br>*som, saam,om*<br><br>STEL DIE /m / RYMPIE BEKEND<br><br>/m/m/m/m/ **M**y **m**aat speel saam **m**et **m**y<br>**/m/m/** **m**aar sy **m**oet ook saam opruim.<br>/m/m/ **My m**a sê ons kan ‘n sterretjie kry | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**u**<br>*bus, hut, bul, vul, brug, rug, fluks, mus*<br><br>STEL DIE /u/ FRASE BEKEND<br><br>Die b**u**s ry oor die br**u**g, verby die v**u**l en die b**u**l tot by die h**u**t. Die son skyn op my r**u**g terwyl ek my m**u**s opsit. Ek gaan nou fl**u**ks wees en die h**u**t skoonmaak. | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**d**<br>*dans, doen, dat donker, dak, das, dit, die, daar*<br><br>STEL DIE /d / RYMPIE BEKEND<br><br>/d/d/ **D**ie **d**anser pas<br>‘/d/ n **d**as<br>/d/ by sy **d**ansklere aan<br>/d/ **D**ie ligte gaan aan<br>/d/d/d/d en hy **d**ans **d**at **d**ie stof so staan. | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**y**<br>*ys, yster,*<br><br>*ry, bly, hy. sy, jy, kry, ly*<br><br>STEL DIE /y / RYMPIE BEKEND.<br><br>Ons r**y** om klere te gaan kr**y** met mamma aan m**y** s**y** is ek sommer baie bl**y.** | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**x**<br>*x-strale, xilofoon, xhosa*<br><br>STEL DIE /x /FRASE BEKEND<br><br>In die Storieboek, speel die **X**hosa seun speel die **x**ilofoon nadat hulle **x**-strale geneem het. | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**c**<br>*Connie, Coca-Cola*<br><br>STEL DIE /c /RYMPIE BEKEND<br><br>/c/c/ **C**onnie en **C**ornel<br>/c/c/ het ‘n **C**oca-**C**ola bestel | Doen hersiening van die klanke en woorde, reeds geleer<br><br>**f**<br>*fiets, fiks, fluks, fyn, foto, fees*<br><br>*vyf, kuif, lyf, skuif, stof, stoof*<br><br>STEL DIE /f/ RYMPIE BEKEND<br><br>/f/ **F**ilo is vyf met ‘n wip kuif<br>/f/ f/ hy is super **f**iks<br>van al die **f**ietsry<br>/f/ hy is so bly hy het ‘n **f**iets gekry. | Doen hersiening van die klanke en woorde reeds geleer *(a,s,l,v,o,p,g,r,h,e, b,w,k;j;I;m;u;d;y;x; c;f)*<br><br>**t**<br>*tand, toffie, trek, tang, tannie,*<br><br>*sit, uit, met, dit, totdat*<br><br>STEL DIE /t/ FRASE BEKEND<br><br>Daar si**t** ‘n **t**offie **t**ussen die **t**annie se **t**ande vas, die **t**andarts **t**rek di**t** me**t** ‘n **t**ang, **t**o**t**da**t** di**t** ui**t** is |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onderwyser stel nuwe klank en woorde bekend<br><br>Identifiseer die woorde wat rym:<br>verby / kry<br>ry / Jorné | Differensieer tussen die ***j***-klank en ***i***-klank<br><br>Klap die lettergrepe van bekende woorde van rympie of sigwoorde | /m/ omdat ons so **m**ooi opruim.<br><br>Klap die lettergrepe van bekende woorde van rympie of sigwoorde | Differensieer tussen die ***m***-klank en ***u***-klank<br><br>Bou woorde met klanke reeds gedoen | Differensieer tussen die ***d***-klank en ***u***-klank<br>Bou woorde met klanke reeds gedoen<br><br>Identifiseer die woorde wat rym:<br>pas / das<br>aan / staan / gaan<br>by / hy / sy | Differensieer tussen die ***d***-klank en ***y***-klank<br>Bou woorde met klanke reeds gedoen | Differensieer tussen die ***y***-klank en ***x***-klank<br><br>Bou woorde met klanke reeds gedoen | Verduidelik die funksie van -s tydens die bekendstelling van meervoude<br><br>tafel-tafel**s**<br>arm-arm**s**<br>maat-maat**s**<br>besem-besem**s**<br>piering-piering**s** | Doen hersiening van die meervoud (-s) van woorde<br><br>Differensieer tussen die ***c***-klank en ***f***-klank<br>Bou woorde met klanke reeds gedoen | Differensieer tussen die ***t***-klank en ***f***-klank<br><br>Bou woorde met klanke reeds gedoen |
| **Kurrikulum dekking** | ● Klap op lettergrepe van die bekende woorde.<br>● Identifiseer, met behulp van die onderwyser, woorde wat in die stories, liedjies en rympies rym, bv luister en fluister<br>● Identifiseer verskillende beginklanke in woorde.<br>● Identifiseer verbale meervoud van woorde (-s) | | | | | | | | | |
| Datum voltooi | | | | | | | | | | |
| **KABV TEMA** | **SKRYF**<br>**Onthou om altyd eers die skryf op die bord te modelleer** | | | | | | | | | |
| **Kernkonsepte, vaardighede en waardes** | Ek gaan na.....<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>-'n Gunsteling plek om te besoek in die stad | Ek gaan dorp toe.<br><br><u>Leerders teken:</u><br>-Waar hulle stad toe gaan | Ek werk goed saam met.....<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>- Die persoon saam met wie hulle graag saam wil werk | My vriend en ek.....<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>-Waar hulle saam met 'n vriend gewerk het. | Ek dra graag....<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>-Die klere waarvan hulle hou om te dra.<br><br>Help leerders om 'n lys op te stel van hul voorkeur klere | Ek wil.....koop by die winkel.<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>- Wat hulle graag wil koop wanneer hulle klere gaan koop.<br><br>Help leerders om 'n lys op te stel | Ek wil 'n storie lees oor...<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>-Die storie wat hulle graag wil hoor | Ek lees graag saam met.....<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>-die persoon saam wie hulle graag lees | My lyfie is gesond wanneer....<br><br><u>Leerders teken</u>:<br>-Wat hulle doen om hulle lyfie gesond te hou<br><br>-Maak 'n lys van gesonde kos | Ek vetrou.....<br><br><u>Leerders teken:</u><br>-Teken iemand wat hulle NIE kan vertrou nie. |
| **Kurrikulum dekking** | ● Skryf, met hulp van die onderwyser, 'n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is | | | | | | | | | |
| Datum voltooi | | | | | | | | | | |

<table>
<tr><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th><th></th></tr>
<tr><td>Uitgebreide Aktiwiteite</td><td>-Knip prente uit tydskrifte om eie stad te plak.<br>-Teken paaie met ‘n busstop en taxi staanplek<br>-Plekke se name kan geplak word of afskryf met juffrou wat voorskryf</td><td>-Maak ‘n lys van dinge wat gevaarlik is deur dit as prente onder mekaar te plak<br>-Onderwyser kan opskrif en byskrifte op bord skryf<br>-kan noodnommer van polisie skryf</td><td>-Kan naam van die persoon afskryf</td><td>-Teken watter takies hulle by die huis verantwoordelik is<br>-Gee terugvoer aan die klas<br>-Tel hoeveel het dieselfde takies<br>-Gesels oor wat gebeur indien hulle dit nie doen nie.</td><td>-Kan klere ontwerp en inkleur op sjambloon klere<br>-Die kleurvolle klere uitknip<br>-Plak op karton figuur<br>-Hou mode parade met die aangetrekte figure</td><td>-Knip name van bekende winkels uit<br>- Onderwyser kan opskrif en byskrifte op bord skryf<br>-Merk by watter hulle graag koop<br>-Juffrou maak datakaart om vas stel watter winkel die gewildste is in die klas</td><td>-Maak eie storieboek deur prente te plak in ‘n gevoude boekie vorm met elke geleentheid wat hulle kry</td><td>-Kry geleentheid om eie geplakte storie te vertel vir klas tydens lees aktiwiteite</td><td>-Maak inkopielys deur produkte onder mekaar te plak en te nommer<br>-Onderwyser kan opskrif en byskrifte op bord skryf<br>-Gesonde kos met groen te omkring<br>-Ongesonde kos met rooi te omkring</td><td>-Prent in ‘n koevertjie te sit en toe te plak<br>-Skryf eie naam buite op die koevert.<br>-Pos die prent in ‘n spesiale posbus wat net juffrou kan oopmaak om te lees.</td></tr>
<tr><td>Vereiste voorkennis</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td><td>Leerders is vertroud met die tema</td></tr>
<tr><td>Hulpmiddels (anders as ‘n handbook) om leer te bevorder</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td><td>Grootboeke<br>Flitskaarte<br>Prente<br>Plakate<br>Leesboeke</td></tr>
<tr><td>Assessering vir leer (Informele Assessering)</td><td colspan="10">● Die aktiwiteite moet waargeneem en beoordeel word tydens die daaglikse Taalaktiwiteite<br>● Alle vaardighede is nie nodig om ‘n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maar die onderwyser moet verseker dat die leerlinge geleenthede kry om hierdie vaardighede mondelings en prakties te demonstreer.<br>● Dit moet informeel en deurlopend gedoen word.<br>● Gebruik ‘n kontrolelys vir assessering vir leer (Informele Assessering)</td></tr>
</table>

# ASSESSERING: KWARTAAL 3

## ASSESSERINGSPROGRAM

| Komponent | Watter vaardighede moet geassesseer word | Vorm van assessering | Assesserings instrument | Telling (voorstel) | Datum van voorgestelde voltooiing | Datum van voltooiing |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Luister en Praat** | ● Identifiseer 'n persoon, dier of objek van 'n eenvoudige verbale beskrywing<br>● Demonsteer 'n basiese begrip van basiese *verbale* woordeskat wat geleer is gedurende die kwartaal deur te wys na en om voorwerpe te benoem in die klaskamer of op prente na aanleiding van instruksies van onderwyser | Waarneming/ prakties en Mondeling | Rubriek | 10 | Teen Week 9 | |
| | ● Te reageer in eenvoudige groetwyses en totsiens<br>● Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies en vrae<br>● Sing eenvoudige liedjies en doen aksierympies | | Kontrolelys | NVT | | |
| **Notas aan onderwyser**:Alle vaardighede is nie veronderstel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maak egter seker dt u leerders daagliks tydens lesse geleenthede kry om die hierdie vaardighede te demonstreer. Teen Week 9 moet u die kontrolelys kan voltooi en reeds elke leerder 'n punt kan gee vir twee vaardighede na aanleiding van die rubriek. Op SASAMS dui ons slegs een (1) punt aan vir Luister en Praat | | | | | | |
| **Klanke Mondeling** | ● Herken meervoude in verbale woorde (-s) | Waarneming/ prakties en Mondeling | Rubriek | 5 | Teen Week 9 | |
| | ● Identifiseer verskillende beginklanke in woorde | | Kontrolelys | NVT | | |
| **Notas aan onderwyser**:Alle vaardighede is nie veronderstel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maak egter seker dt u leerders daagliks tydens lesse geleenthede kry om die hierdie vaardighede te demonstreer. Mondelinge Klankvaardighede sal waargeneem en geassesser word *gedurende daaglikse aktiwiteite*. Teen Week 9 moet u die kontrolelys kan voltooi en reeds elke leerder 'n punt kan gee na aanleiding van die rubriek. Op SASAMS dui ons slegs een (1) punt aan vir Klanke. | | | | | | |
| **Lees Mondeling** | ● Luister an reageer na aanleiding van 'n storie wat vertel en gelees is.<br>● Rolspeel dele van 'n storie met gepaste dialoog | Waarneming en Mondeling | Rubriek | 10 | Teen Week 9 | |
| | ● Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of nie-fiksie teks<br>● Sluit aan by herhaalde refreine in stories/rympies/liedjies<br>● Identifiseer en benoem persone, objekte en diere in illustrasies | | Kontrolelys | NVT | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Notas aan onderwyser**:Alle vaardighede is nie veronderstel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maak egter seker dt u leerders daagliks tydens lesse geleenthede kry om die hierdie vaardighede te demonstreer. Leerders sal waargeneem word volgens hulle leesvaardighede *gedurende klasaktiwiteite*. Teen Week 9 moet u elke leerder volgens die rubriek 'n punt kan gee. Op SASAMS dui ons slegs een punt aan vir Lees. | | | | | | | |
| **Skryf** | ● Skryf 'n eenvoudige lys met 'n opskrif (3-5 woorde van 'n Tema) | Geskrewe werk | Klaswerkboek | NVT | Teen Week 9 | |
| **Notas aan onderwyser:** Skryvaardigehede moet waargeneem word tydens Gedeelde Leeslesse en teen Week 9 behoort 'n kontrolelys voltooi te kan word na aanleiding van u waarneming. Daar is geen formele skryfassessering en aanduiding op SASAMS nie. | | | | | | | |
| **TOTALE PUNTE: Punte word op SASAMS aangedui. Die punt sal verwerk word na 'n vlak van 1-7.** | | | | | | | |

**ASSESSERING VIR LEER : KONTROLELYS OM TE GEBRUIK**

| | **LUISTER EN PRAAT** | | | **KLANKE** | **LEES** | | | **SKRYF** | **KOMMENTAAR** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Merk met × or √** | Rageer op eenvoudige groetwyses en totsiens | Sing eenvoudige liedjies en doen aksierympies | Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies en vrae | Identifiseer verskillende beginklanke in woorde | Sluit aan by herhaalde refreine van stories/ rympies/liedjies | Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of nie-fiksieteks | Identifiseer en benoem persone, objekte en diere in illustrasies | Skryf 'n eenvoudige lys met 'n opskrif (3-5 woorde van 'n Tema) | |
| **Leerders se name** | | | | | | | | | |
| **1.** | | | | | | | | | |
| **2.** | | | | | | | | | |
| **3.** | | | | | | | | | |

**ASSESSERING VAN LEER: PUNTEBLAD**

| | **LUISTER EN PRAAT** | **KLANKE** | **LEES** | **KOMMENTAAR** |
|---|---|---|---|---|

| Merk met × or √ | Identifiseer en benoem persone, objekte en dier e in illustrasies | Demonstreer-in opdrag van die onderwyser-dat die woordeskat in die storie verstaan word deur na die voorwerpe op die prente te wys voorwerpe op die prente te wys. | TOTAL FOR LISTENING AND SPEAKING | Herken meervoude in verbale woorde (-s) | Rolspeel dele van 'n storie met gepaste dialoog | Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of nie-fiksie teks | TOTAL FOR READING AND PHONICS | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | | | | | | | |
| **PUNT** | **5** | **5** | **10** | **5** | **5** | **5** | **15** | |
| **LEERDERS SE NAME** | | | | | | | | |
| **1.** | | | | | | | | |
| **2.** | | | | | | | | |
| **3.** | | | | | | | | |

**RUBRIEK VOORBEELDE**

| **GRAAD 1 RUBRIEK: KWARTAAL 3** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT** | | | | | |
| **AKTIWITEIT** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **Identifiseer en benoem persone, objekte en diere in illustrasies (Ten minste 4 items)** | Leerder kan glad nie enige persoon, dier of objek identifiseer nie | Leerder kan slegs 1 item onafhanklik identifiseer van die 4 items | Leerder kan slegs 2 items onafhanklik identifiseer van die 4 items | Leerder kan slegs 3 items onafhanklik identifiseer met 'n verbale beskrywing | Leerder kan slegs al die items met selfvertroue onafhanklik identifiseer met 'n verbale beskrywing |
| **AKTIWITEIT** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **Wys na en benoem voorwerpe in die klaskamer of in 'n prent** | Leerder kan glad nie na items wys sonder hulp nie | Leerder kan slegs na 1 van die 4 objekte wys, sonder die hulp van die onderwyser | Leerder kan slegs na 2 van die 4 objekte wys, sonder die hulp van die onderwyser | Leerder kan slegs na 3 van die 4 objekte wys, sonder die hulp van die onderwyser | Leerder kan onafhanklik en met selfvertroue na al die objekte |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **(Ten minste 4 objekte)** | | | | | wys in die klaskamer of in 'n prent, en dit ook benoem |
| **KLANKE** | | | | | |
| **AKTIWITEIT** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **Herken meervoude in verbale woorde (-s)** **(ten minste 5 woorde**) | Leerder kan glad nie enige meervoud (-s) in verbale woorde herken nie | Leerder kan slegs die meervoud (-s) van 2 verbale woorde herken | Leerder kan slegs die meervoud (-s) van 3 verbale woorde herken | Leerder kan slegs die meervoud (-s) van 4 verbale woorde herken | Leerder kan slegs die meervoud (-s) van 5 verbale woorde herken |
| **LEES** | | | | | |
| **AKTIWITEIT** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of nie-fiksie teks** **(Ten minste 2-3 vrae)** | Leerder kan geen verbale vrae korrek beantwoord nie | Leerder kan slegs I eenvoudige verbale vraag korrek beantwoord | Leerder kan slegs 2 eenvoudige verbale vrae korrek beantwoord | Leerder kan slegs 3 eenvoudige verbale vrae korrek beantwoord | Leerder kan meer as 3 eenvoudige verbale vrae korrek beantwoord |
| **AKTIWITEIT** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **Rolspeel dele van 'n storie met gepaste dialoog** | Benodig hulp en leiding van die onderwysres om in Eerste addisionele taal te praat | Leerder kan die storie uitbeeld in rolspel maar kan nie die dialoog vlot lees nie | Leerder kan die storie uitbeeld in rolspel en kan 1 kort dialoog lees | Leerder kan die storie uitbeeld in rolspel deur 1 dialoog van die hoofkarakter te memoriseer en korrek weer te gee. | Leerder beeld die storie met selfvertroue uit in rolspel en gebruik verskeie dialoë met gemak. |